# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

*Mnr.Wally Janse van Rensburg*



### Groete aan al die Rynie huisgesinne!

Die veiligheid van ons leerders bly prioriteit vir Laerskool Rynfield en ons doen weereens ‘n beroep op ouers om versigtig en bedagsaam te wees in die verkeer om die skool. Wees op die uitkyk vir leerders wat skielik die pad oorsteek en ons wys weereens daarop dat Rynies nie alleen op die sypaadjie buite die skool mag wag nie.

Soos reeds gekommunikeer moet alle Rynies binne 15 minute afgehaal word nadat die skool uitgekom het. Ons het verlede week veiligheidsopleiding gedoen met al die Gr. 1-7 leerders en hulle fisies buite die skool gaan wys waar hulle die pad mag oorsteek naamlik by die sebra strepe.

Ons het die sebra strepe weer mooi wit geverf sodat dit duidelik sigbaar is vir voetgangers en motoriste. Leerders word dus slegs toegelaat om by die voetoorgange die pad te kruis. Ons doen ‘n beroep op ouers om  ons te ondersteun in die verband en ons te help om die veiligheid van ons leerders te verseker in die verkeer om die skool.



NUUSBRIEF 5 VAN 2026 *12 FEBRUARIE 2026*

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD

## Die Interlaer atletiek word hierdie week afgehandel en vanaf Maandag 16 Februarie 2026 is die skooltye weer normaal as volg:



| **Afdeling** | **Skooltye** |
|---|---|
| Kleuterskool | 08:00 - 13:00<br>(Personeel is reeds vanaf 07:00 aan diens) |
| Graad 1 & 2 | 07:30 - 13:00 |
| Graad 3 | 07:30 - 13:30 |
| Graad 4 - 7 | 07:30 - 13:50 |




**Ons vier môre Valentynsdag by die skool en leerders is welkom om wit, rooi en pienk aan te trek. Geen kostes.**
**Bring slegs nie-bederfbare items vir koskas en/of ou klere.**

# KLEUTERSKOOL


LAERSKOOL RYNFIELD




shutterstock.com · 2253736139

# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD



# RYNIENUUS

LAERSKOOL RYNFIELD




**Wen 'n Tork Craft "tool"boks ter waarde van R5000 vir slegs R150 per lootjie. Koop jou kaartjie nou op die Karri Toep of by Juffrou Luvaine en Juffrou Christelle.**

**Trekking sal op 2 Maart plaasvind**











# RYNIENUUS




LAERSKOOL RYNFIELD

## TAG-RUGBY ONDER 7 & 8

Maandag, 16 Februarie om 17:00 vind die jaarlikste Tag-rugby vergadering in die skoolsaal plaas.  Slegs seuns wat hierdie jaar 7 jaar (2019) en 8 jaar (2018) oud word mag speel, geen uitsondering.

Die doel van die vergadering is om vas te stel watter ouers hierdie jaar die spannetjies gaan afrig, asook om die nodige reëls en regulasies van die spel aan u deur te gee.
Die vergadering beloof om baie kort te wees.
*Tag-Rugby-groete, Mnr. Adriaan*






## MINI-NETBAL PROEWE:

Ons nooi alle belangstellende Graad 1 & Graad 2 dogters na ons mini-netbalproewe uit.

**Wanneer:  17, 18 en 19 Februarie**

**Tyd:  13:15 - 14:00**

Dogters moet al 3 dae bywoon om in ag geneem te word vir die oefenspanne.
Hou asseblief die klasgroepe dop vir meer inligting.



# RYNIENUUS

## LAERSKOOL RYNFIELD

**Debat:** Drie van ons graad 7 seuns, Luther du Randt, Callum Craig en Hendré van der Westhuizen het verlede Saterdag gaan deelneem aan die Maroela Media onvoorbereide debatskompetisie, Dink of Sink. Daar was 21 rondtes en 17 spanne. Dit is die eerste keer wat Laerskool Rynfield hieraan deelneem. Ons manne dring deur na die finaal waar ons as naaswenners bekroon is. Baie geluk aan ons seuns. Jul maak ons Rynies trots!






Callum Craig, Luther du Randt en Hendré van der Westhuizen van die Laerskool Rynfield in Benoni tydens die Dink of Sink-debatkompetisie vir laerskole

Foto: Deaan Vivier

**Redenaars:** Onthou asb dat die finale datum vir inhandiging van Afrikaanse toesprake Vrydag, 13 Februarie is.
Ons wil ook al ons Graad 1 redenaar ouers aanraai om by Juf. Barbara 'n tydjie te reël sodat u kind hul toespraak kan oefen. Dis teen geen koste, skakel haar gerus op 083 600 5554.

**Let wel: Daar is 'n probleem met ons kultuur e-pos. Ons vra groot omverskoning. Stuur gerus enige navrae oor kultuur aan gmcoffey1@outlook.com.**



# RYNIENUUS




## LAERSKOOL RYNFIELD

**Public Speaking:** Vir al ons opgewonde maats en ouers wat die jaar graag in die Engelse afdeling wil deelneem, hier is ons 2026 temas. Toesprake kan al ingestuur word vir goedkeuring na Juf. Coffey.



| GRADE | THEME | TIME |
|---|---|---|
| GR. 1 & 2<br>GR. 3 | House, Plaster, Noise<br>Own choice of theme | 2 - 4 min |
| GR. 4 & 5 | Course, Fidget, Wriggle, Salt<br>Own choice of theme | 3 - 5 min |
| GR. 6 & 7 | Choose, Show off, Rebel<br>Own choice of theme | 4 - 6 min |



*Kultuurgroete, Juf. Coffey*




**ITEMS BENODIG:**

- Toiletpapier
- Melk
- Koffie
- Tandepasta
- Skottelgoedseep
- Koekies
- Aanmaakkoeldrank
- Olie
- Suiker
- Ontbytpap

**HANDIG ASB. BY JOU REGISTERKLAS IN.**

# NASKOOL

LAERSKOOL RYNFIELD

**Toetsreeks – 12 Februarie (Graad 4-7):**
Dinsdag, 17 Februarie, begin die toetsreeks vir gr 4-7 leerders. Leerders moet asb seker maak hulle leerwerk is ingepak. Huiswerksessie word ook as studietyd aangewend.

***STRENG EKSAMEN ATMOSFEER SAL HEERS.***

Geen verskonings sal aanvaar word nie, leerders móét huiswerk doen en/of leer.

**Ekstra studieklasse:**
Daar sal ekstra studieklasse beskikbaar wees gedurende die toetsreeks:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Maandae - Donderdae** | **16 Februarie - 4 Maart** | **16:00 - 16:45** | **Pienkklas (Juf. Carin Botha)** |

Ouers moet asb. skriftelike toestemming gee in die huiswerkboekie en leerders moet dit vir Juf. Ronel Fourie bring om daarby te teken. **Leerders wat studieklasse ontwrig sal onmiddelik verskoon word**.



**Tye:** Die atletiek is nou verby en die skool kom vanaf **16 Februarie** weer gewone tyd uit.

| GRAAD 1 + 2 | GRAAD 3 | GRAAD 4 - 7 |
|---|---|---|
| 13:00 | 13:30 | 13:50 |

NUUSBRIEF 5 VAN 2026

*12 FEBRUARIE 2026*

# NASKOOL

## LAERSKOOL RYNFIELD

Dus sal tye by die naskool as volg wees: (*Hou asb ingedagte dat hierdie tye sleg 'n riglyn is en van tyd tot tyd aangepas kan word).*

| | |
|---|---|
| **13:00** | Gr. 1 & 2 leerders meld aan, verklee, ete word bedien |
| 13:30 | Gr. 3 leerders meld aan, verklee, ete word bedien |
| 13:50 | Gr. 4-7 leerders meld aan, verklee, ete word bedien |
| 14:00 | Gr. 1 - 3 verdaag na huiswerkklasse |
| 14:30 | Gr. 4 - 7 verdaag na huiswerkklasse |
| 15:30 | Vrugte en sap word bedien |
| 16:00 | Vrye tyd |

## SPYSKAART: NASKOOL

Maan. 16/2: Spaghetti Bolognaise
Dins. 17/2: Kouevleis rolletjie & slaai
Woens. 18/2: Chicken a-la-king & 2 x groentes
Dond: 19/2: Visburgers
Vry. 20/2: Broodjies met smere

- Elke middag vrug en sap





## SPYSKAART: SNOEPIE

Maan. 16/2: Pasteie
Dins. 17/2: Kaasburger Jaffels
Woens. 18/2: Slap chips & nuggets
Dond: 19/2: Noodles of Poke Bowls
Vry. 20/2: Footlong combo @ R50.

# TEN SLOTTE

LAERSKOOL RYNFIELD




**W JANSE VAN RENSBURG**

**SKOOLHOOF**

# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD




# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD



# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD




# ADVERTENSIES

LAERSKOOL RYNFIELD

